Gimmie Griffie

16 Februarie 2018

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 5***

GEAGTE OUERS

Sterkte aan al die atlete en die sangspan met Saterdag se Interhoër. Dankie aan elke atleet wat getrou geoefen het. Mag dit waarlik 'n suksesvolle dag wees waar elkeen net sy/haar beste lewer.

Die Valbal was weereens 'n baie groot sukses. Baie dankie vir mev. Mariska Esterhuysen en die Gimmieraad vir al die reëlings. Die leerders het dit baie geniet.

Gimmie-groete
RA Oosthuizen

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Maandag 19 Februarie
Wintersport: Oefening begin (uitgesluit atlete)

Dinsdag 20 Februarie
Ensemble-oefening
Toneeloefening
Hokkie o/14 ouer-en-speler-braai

Woensdag 21 Februarie
Kooroefening (18:00-20:00)

Donderdag 22 Februarie
Rugbyproewe (uitgesluit atlete)
Swede vertrek

Vrydag 23 Februarie
Seunshokkie o/16: Curro Klerksdorp (proewe)

Saterdag 24 Februarie
Atletiek: Kenneth Kaunda
Seunshokkie o/16: *Curro* Klerksdorp (proewe)
Krieket o/15A (Helpmekaar)

PRYSUITDELING:

HOOGSTE KULTUUR- & SPORTTOEKENNINGS

Junior Kultuurdogter: Bernice Klopper
Junior Kultuurseun: Reuben Smit
Junior Sportdogter: Jhenelle de Villiers
Junior Sportseun: Benic van Onselen

AKADEMIE TOP 10

Baie geluk aan die volgende leerders en ouers met die top-akademiese uitslae in 2017:

Graad 11

1	Jeanetta du Toit	93,6
2	Chandré Grobler	91,9
3	Lené Prinsloo	91,3
4	Katelynn Snyman	90,1
5	Marené Coetzee	89,9

6	Elzaan Jooste	89,6
7	Daniël Walker	89,6
8	Dawie Röntgen	88,4
9	Caerie Bothma	88
10	Estelle van Tonder	87,4

Graad 10

1	Reuben Smit	92,4
2	Bianca Stark	89,9
3	Rienje Toxopëus	89,4
4	Shani Neethling	88,1
5	Lize Jonker	87,9
6	Karli Steyn Marizaan van Dyk	87 87
7	Amira Botha	86,1
8	Jan Kruger	85,7
9	Gerhard Koornhof	85
10	Anneri Basson	84,9

Graad 9

1	Leonore Lubbe	92,3
2	Martin Landman	91
3	Annemarie Hoffman	90,8
4	Lize vd Westhuizen	90,4
5	Stefan Schoeman	90,3
6	Nardus Swart	89,9
7	Minet Beukes	89,8
8	Malleen Pienaar	89
9	Leasha Louwrens	88,6
10	Danila Venter	88,3

Graad 8

1	Michelle le Roux	96,2
2	Michelle Hammann	92,8
3	Rynard Botha	92
4	Ignatius v Rooyen Wiané Joubert Chloé Werkman	91,9 91,9 91,9
5	Miré Pienaar	91,2
6	Milana vd Merwe	90,9
7	Jacqueline v Rooyen	90,8
8	Merice Swart	90,6
9	Danielle Verster	90,4
10	Sunel Smit	89,9

KRIEKET

Die eerstespan het die afgelope naweek teen Pietersburg in die *Finsbury*-reeks gespeel. Gimmies wen die wedstryd baie gemaklik met 6 paaltjies. Pietersburg is vir 167 uitgeboul met Marco Jansen wat 3 paaltjies geneem het. Duan Jansen en Ronald Hendricks het elk 2 paaltjies geneem. Met die kolf het Marco Jansen 47 lopies aangeteken, Ricus Swart 43 lopies en Robert Cameron 41 lopies.

Die o/15's het met 50 lopies verloor.

Die eerstespan het na die NW-finaal (T-20) deurgedring nadat hulle vir Lichtenburg in die semi-finaal met 7 paaltjies getroef het. Lichtenburg teken 139/5 in hul toegelate 20 beurte aan. Ricus Swart neem 3 paaltjies in 4 beurte. Gimmies teken die wenlopies in die 16de beurt aan met slegs 3 paaltjies plat. Duan Jansen teken 84 onoorwonne lopies van slegs 39 balle aan.

Tydens die Noordwes-finaal moes die eerstespan ongelukkig die knie buig teen Rustenburg. Gimmies verloor met 2 lopies.

RUGBYPROEWE

Rugbyproewe vir seuns wat **nie** atlete is **nie** word op Donderdag 22 Februarie op Mooivallei as volg gehou:

- o/14's - 14:30 op die B-veld
- o/15's - 16:00 op die B-veld
- o/16's - 14:30 op die A-veld
- Seniors - 16:00 op die A-veld

Daar word geen proewe op Saterdag 24 Februarie gehou nie.

SEUNSHOKKIE

Elke speler moes 'n brief wat alle inligting vir die jaar bevat, kom afhaal het.

Let daarop dat die o/16's se *Curro-festival* van 24 en 25 Februarie verval. Die seuns sal nou saam met die seniors op 3 en 4 Maart by *Curro* Klerksdorp speel. Rugby-spelers sal geakkommodeer word.

Die o/14-seuns en hulle ouers word hartlik uitgenooi na 'n vergadering en 'n bring-en-braai op Dinsdag 20 Februarie. Die seuns het al 'n brief daaroor ontvang. Vul dit in en stuur asseblief terug.

Kom ons maak hierdie jaar dié jaar om te onthou.

Oefentye: 19 tot 22 Februarie

	Seniors	**o/16**	**o/14**
19 Feb.	Astro 2 14:30-15:30	Astro 2 14:30-15:30	Gras 16:30-17:30
20 Feb.	Astro 1 16:30-17:45	Gras 14:30-15:30	Gras 16:30-17:30
21 Feb.	Gras 15:30-16:30	Astro 15:30-16:30	Gras 16:30-17:30
22 Feb.	Gras 1+2 16:30-17:30	Gras 16:30-17:30	Astro 1 16:30-17:30

<u>Eerste proewe</u>:

o/14: Donderdag 22 Februarie (Astro)
o/16: Woensdag 22 Februarie (Astro)
Seniors: Maandag 26 Februarie (Astro)

MNR. EN MEJ. GIMMIE 2018

Baie dankie aan almal wat by hierdie aangename geleentheid betrokke was. Die personeelkonsert het ook baie kleur aan die verrigtinge verleen.

Baie dankie aan VDW-prokureurs en Blommemark vir die skenkings.

Baie geluk aan die volgende leerders:
Mnr. Gimmie senior: Giovanni Pestana
Mej. Gimmie senior: Lerato Loate
Mnr. Gimmie junior: JP Frauendorf
Mej. Gimmie junior: Elmarie Naudé

MINI-OPEDAG: NWU-POTCHEFSTROOMKAMPUS

Op Woensdag 21 Februarie gaan die graad 12's die mini-opedag van die universiteit bywoon. Hulle sal om 09:30, vergesel deur mnr. Marx, na die universiteit stap waar 'n program gevolg sal word.